

Maandag 21 Januarie

Skrifgedeelte: Psalm 94

Fokusgedeelte: Psalm 94:18, 19

Wat as my ontstellende gedagtes te veel word ...?

Die Psalmdigter se gedagtes het hom vasgekeer. Hy worstel met hoogmoedigheid, goddeloosheid, onreg, die verguising van gelowiges, uitbuiting, moord en doodslag. Hoe bekend klink dit nie!

Wanneer mens in jou gedagtes met hierdie werklikhede van die aardse lewe worstel, worstel mens terselfdertyd ook met die vraagstuk: Sien die HERE dit dan nie ook nie? Hoor Hy dan nie al die hulpgeroep van verontregte en verdrukke en worstelende mense nie? Waarom doen Hy dan nie iets daaraan nie? Hoekom gryp Hy nie in nie? Hoe kan Hy, die Almagtige God, dit laat lyk of Hy nie omgee nie, harteloos is, self dalk magteloos is teen die goddelose werke van die duiwel en sy magte?

Ontstellende gedagte soos hierdie broei dikwels in ons binneste. 'n Mens se brein word soos 'n broeimasjien, en die ontstellende gedagtes word al meer en meer ... totdat dit vir jou te veel word. Jy word uiteindelik maklik vasgekeer in negatiwiteit en moedeloosheid!

Genadiglik ken die HERE ons. Hy ken selfs ons gedagtes, dat dit nietigheid is! (vs 11). Ja, worstelgedagtes bring ons nêrens. Want God wat die mens se oor gemaak het, hoor selfs ons onuitgesproke gedagtes, en so ook al die woorde van onreg en haat en liefdeloosheid in die wêreld.

Hy, wat die mens se oog so wonderbaar gemaak het om te kan sien, sien self ook alles raak wat op die aarde gebeur, en waarmee al die onregwerkers alles besig is. Hy sál optree! Op die regte tyd, en op die regte manier.

Hy maak ook weer al ons worstelinge stil en rustig. In sy troue liefde verseker Hy my van die feit dat sy liefde vir jou in Jesus Christus nooit vergaan nie. Hy vertrou ons met die sekerheid dat niks van al die aardse dinge wat ons so ontstel, ons ooit uit sy hand kan ruk nie. Hy herinner ons aan die Regter, ons Here Jesus, wat aan die kom is! Daarna moet ons verlang! Daarvoor moet ons altyd bid! "Amen" Kom Here Jesus!" (Op. 22:20b, Direkte Vertaling).

Sing : Skrifberyming 57:1, 3, 5

Ds. LSD du Plessis (Lourens) (Groblersdal)